

**LAERSKOOL HARTENBOS KARAVAANPARK  
KAMPREëLS**

- ☺ U bespreking sal slegs bevestig word by ontvangs van die ondertekende "AANVAARDING VAN KARAVAANPARKREëLS" en betaling van die deposito, voor die speldatum.
- ☺ LW: Enige navrae i.v.m. besprekings of betaling van deposito's kan slegs gerig word aan Me Leandra Smit by 044-6951515. Kantoourure 07:30 - 14:00
- ☺ (epos: [kamp@laerskoolhartenbos.co.za](mailto:kamp@laerskoolhartenbos.co.za)) gedurende skoolkwartale.
- ☺ **NB: DIE FINALE BEDRAG MOET TEEN EINDE OKTOBER BETAAL WEES!**
- ☺ Enige probleme gedurende u vakansie kan direk aan die terreinbestuurder gerig word.
- ☺ U ruitplakker moet dadelik op u motor se voorruit aangebring word (DIT MAG NIE LOS OP U PANEELBORD LÊ NIE.)
- ☺ **SPOEDBEPERKING: 10 KPU.**
- ☺ Streng toegangsbeheer sal by die ingang toegepas word.
- ☺ **SLEGS 1 VOERTUIG EN 6 PERSONE PER STAANPLEK WORD TOEGELAAT.** Ekstra persone teen R65 per persoon per nag tot 'n maksimum van 8 persone per staanplek. Slegs 1 losstaande tent per staanplek word toegelaat teen R65 per dag. Indien geen karavaan, slegs 2 tente per staanplek. Grootte van staanplekke is 10m x 10m. U moet asseblief u karavaan/tent binne daardie grense opslaan. Hierdie maatreël sal streng gekontroleer word en oortreders sal summier die kampterrein moet verlaat.
- ☺ 'n Tweede voertuig en bote kan teen R20 elk per dag, vooruitbetaalbaar by aankoms, op die skoolterrein gelaat word, maar nie by u staanplek nie.  
**Daar mag met geen motorfietse of vierwielmotorfietse op die skoolterrein gery word nie.**
- ☺ **Geen motor van 'n besoeker sal op die kampeerterrein toegelaat word nie, dus word besoekers se motors BUISTE die hekke parkeer.**
- ☺ Tyd van vertrek: Nie later as 10:00.
- ☺ Kinders onder 6 jaar moet van 'n volwassene vergesel wees wanneer die storte of baddens gebruik word. **Werk asseblief te alle tye spaarsamig met ons water.**
- ☺ Dromme met swart sakke word voorsien (**EEN DROM PER 2 STAANPLEKKE**). Die vol toegeknoopte sak moet voor u staanplek geplaas word, waar dit daagliks verwyder sal word.
- ☺ Indien u enige ongerymdheid bespeur, meld dit asseblief aan.
- ☺ Tennisbane is vir u gebruik gereserveer en geen buitestaander word op die bane toegelaat nie. Bane word slegs gebruik vir speel van tennis. **Geen skopfietse, fietse of rolshaatse word op die tennisbane toegelaat nie.**
- ☺ Daar word van u verwag om na 23:00 geen uitermatige geraas te maak nie. **Wees konsidererend in die speel van harde musiek.**
- ☺ **GEEN TROETELDIERE WORD TOEGELAAT NIE!**
- ☺ Geen braaidromme en roosters word verskaf nie.
- ☺ **NB: GEEN TOILETPAPIER WORD VOORSIEN NIE.**
- ☺ Geen swembad sal op die kampeerterrein toegelaat word nie.
- ☺ **Verontagsaming van enige van die kampreëls, kan tot gevolg hê dat u gevra sal word om, sonder enige terugbetaling, die kampterrein onmiddellik te verlaat.**